

# 22

## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

### Ons help ander

#### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat hulle ander mense uit liefde moet help.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- die gelykenis van die barmhartige Samaritaan ons leer wie die naaste is vir wie ons net so lief moet wees as vir onself.
- die man wat aangeval is, niks vir homself kon doen nie en waarskynlik sou sterf.
- die priester en die Leviet albei gelowiges was wat geweet het wat God van hulle verwag, en tog het hulle dit nie gedoen nie.
- die Samaritaan waarskynlik ook 'n gelowige was, en dat hy uiteindelik gedoen het wat God van hom verwag.
- indien mense sê dat hulle hul naaste liefhet, beteken dit dat hulle ander mense moet help.
- barmhartigheid beteken om selfs mense wat dit glad nie verdien nie, te help.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- so wil leef dat hulle met hul woorde en dade bewys dat hulle ander mense net so liefhet as hulself.
- nooit aan ander mense iets doen wat hulle nie aan hulself gedoen wil hê nie.
- bly wees omdat die Here hulle help.

## **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om –

- iemand wat seergekry het of hartseer is, te help en te troos.
- mense binne hul vermoë met probleme te help.
- kortliks te vertel hoe hulle iemand gaan help.

## **MEER INLIGTING (Lukas 10: 30-35)**

Die Bybel vertel ons van 'n man wat aangeval is deur rowers. Hy was so erg beseer dat hy sou sterf as iemand hom nie help nie. Daar was baie mense wat hom kon help en wat geweet het dat hulle hom moes help, maar hulle het nie. Die eerste een was 'n priester, en dan was daar ook 'n Leviet. Hulle het by die beseerde man verbygeloop. Hulle was gelowige mense wat in die kerk van daardie tyd gewerk het en hulle het geweet wat God van hulle verwag. Maar hulle het nie die man gehelp nie. Hulle het verkies om hom maar net so te los en by hom verby te stap. Hulle het gemaak of hulle die man nie raaksien nie.

Daar kom toe 'n ander man verby. Hy was 'n Samaritaan. 'n Samaritaan was iemand van wie die Israëliete nie gehou het nie. En hy het gehelp. Hy het die man se wonde skoongemaak. Daarna het hy hom op die rug van sy donkie gesit en hom na die naaste herberg (gastehuis) geneem, waar hy kon gaan rus totdat hy gesond was. Die Samaritaan het die volgende dag verder gegaan. Hy het genoeg geld by die eienaar van die herberg gelos om vir die beseerde man te sorg. Die Samaritaan het ook belowe dat as hy weer by die herberg verbykom, hy nog sal betaal as die geld te min was. Al wat hy gevra het, was dat die eienaar van die herberg goed vir die beseerde man moet sorg.

Die Here verwag ook van ons om ander te help, soos hierdie Samaritaan, al hou hulle nie van ons nie. Ons moet alle mense wat in nood is help, omdat God ons elke dag help en omdat Hy baie lief is vir ons. Wanneer ons ander mense help, wys ons vir hulle iets van die liefde van Jesus.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- Die ses prentjies in die kind se boek elkeen tot A5 vergroot – jy kan dit selfs inkleur.
- Brood.
- Botter.
- Konfyt.
- Sakkies.
- Een A4-papier vir elke kind.
- Nooi betyds die dominee of kategetesehoof en die ouers na volgende week se klas.

## **KOM ONS BEGIN**

- Open met gebed. Bid vir alle mense wat probleme het en nood ervaar.
- Lees Gesang 546 hieronder terwyl jy die prente aan die einde van hierdie les gebruik.

*'n Man was van Jerusalem na Jerigo op pad.  
Die rowers het hom aangeval en al sy goed gevat.*

*'n Priester het daarlangs gekom, maar net verbygegaan.  
Ook die Leviet het hom sien lê en in sy pyn laat staan.*

*Maar toe het daar 'n vreemdeling uit jammerte gestop.  
Sy wonde is mooi skoon gewas en kry ook olie op.*

*Hy neem hom na die herberg toe en haal twee munte uit.  
Wanneer hy later weer daar kom, betaal hy elke duit.*

*Nou wie van hierdie drie, dink jy, het naastediens verstaan?  
Die priester en Leviet het nie – net die Samaritaan.*

*Het jy die storie mooi verstaan? Wil jy vir Jesus dien?  
Dan moet jy elke mens om jou ook as jou naaste sien.*

### **HET HULLE ONTHOU?**

Vind uit of die kinders Psalm 23: 1 kan opsê: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

Vra of hulle dit vir ander mense ook gaan opsê het.

### **VANDAG LEER ONS**

#### **BEGIN SO**

Laat die kinders in 'n groepie by jou sit en vra hulle of hulle al ooit te doen gekry het met iemand wat hul hulp nodig gehad het. Byvoorbeeld 'n maatjie wat geval het of seergekry het of wat nie kos gehad het nie. Wat het hulle toe gedoen? Gee geleentheid vir 'n paar om te vertel.

Jesus het vir volwassenes en kindertjies baie gelykenisse vertel. 'n Gelykenis is 'n verhaal, nie soos in 'n storieboekstorie nie, maar dit vertel vir ons dat ons die regte dinge moet doen en hoe ons dit moet doen.

#### **IETS INTERESSANT**

Lees Lukas 10: 30-35 en vertel die verhaal deur gebruik te maak van MEER INLIGTING hierbo.

#### **IETS BELANGRIK**

Beklemtoon die volgende:

- Ons moet altyd mense help wat probleme het.
- Ons moet bly wees omdat die Here ons help.

## **IETS OM TE DOEN**

Help die kinders om toebroodjies te maak. Sit vir elke kind in 'n sakkie van die broodjies wat hy of sy dan op pad huis toe vir iemand wat hulle dink honger is, kan gee.

## **BY DIE HUIS**

- Laat hulle vir Mamma of Pappa vra om vir hulle nog 'n gelykenis uit die Bybel te lees.
- Hulle moet volgende week kom vertel wat hulle van daardie gelykenis kan onthou.
- Gee vir elke kind 'n A4-papier.
- Laat hulle uit ou tydskrifte prentjies of foto's knip van mense wat hulle dink hul naaste is.
- Hulle plak dit op 'n A4-papier en bring dit volgende week klas toe.
- Laat hulle die volgende woorde leer: *Waar daar liefde is, daar is God die Heer.*
- Laat hulle hul ouers nooi om volgende week saam klas toe te kom.

## **AFSLUITING**

Skommel die ses vergrote prentjies en gee aan die kinders die geleentheid om die prente in die regte volgorde te rangskik terwyl hulle die verloop in hul eie woorde vertel.

Sluit af met 'n kort gebed.